Een, twee, drie

Een, twee, drie,
Al die voëltjies vlie.
Vier, vyf, ses,
Elkeen na sy nes.

PRAESA

For more free multilingual language and literacy resources for children, visit www.praesa.org.za.

Oor die rympie

Hierdie is 'n telrympie oor voëls wat uit hul neste vlieg en dan weer terugkom. Dit leer kinders om van een tot ses te tel. Die woord "vlie" is die verkorte vorm van "vlieg" en word gebruik sodat dit met "drie" rym.

About the rhyme

This is a counting rhyme about birds flying from their nests and back. It teaches children to count from one to six. The word *vlie* has been shortened from the Afrikaans word *vlieg* so that it rhymes with *drie*.

Aktiwiteite

- Teken met 'n pen 'n gesiggie op ses van jou vingerpunte – teken twee oë en 'n snawel (of 'n mond) vir elke gesiggie. Hou elke keer 'n ander vingergesiggie op vir elke getalwoord (Een, twee, drie; Vier, vyf, ses) terwyl jy die rympie opsê. Beweeg jou arms soos 'n voël wat vlieg wanneer jy die laaste reël opsê.
- Nooi jou kinders om 'n voëlnessie te bou. Gaan stap 'n entjie om klein stokkies of ander voorwerpe in die natuur te soek wat hulle kan gebruik.
- Nooi jou kinders om 'n prent van ses babavoëltjies in 'n nessie te teken.

Activities

- Use a pen to draw a face on six of your finger tips – include two eyes and a beak (or a mouth) on each face. Hold up a different finger-face for each number word (*Een, twee, drie; Vier, vyf, ses*) as you say the rhyme. Move your arms like a flying bird as you say the last line.
- Invite your children to make a bird's nest. Take a walk to look for small sticks or other natural materials they could use.
- Invite your children to draw a picture of six baby birds in a nest.

PRAESA

For more free multilingual language and literacy resources for children, visit www.praesa.org.za.